Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Hoofdirektoraat: Mensbestuurspraktyke
**Rudolf Oosthuizen**
Directorate Strategic People Management
Rudolf.Oosthuizen@westerncape.gov.za | Tel: 021 467 2480

Lêerno.: 3/1/3/1
Verwysing: 20231117– 9942

Omsendbrief: 0034/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole en spesiale skole en Lede van beheerliggame

Kort opsomming: *Voorsiening van 2024 se onderwysdiensstate vir gewone openbare skole en spesiale skole.*

**Onderwerp: Voorsiening van 2024 se onderwysdiensstate vir gewone openbare skole en spesiale skole**

1. Raadpleeg asseblief Omsendbrief 0031/2009, gedateer 28 Augustus 2009, vir 'n volledige beskrywing van die wetgewing en maatreëls wat van toepassing is op die jaarlikse uitreiking van onderwysdiensstate aan skole. Die inhoud van genoemde omsendbrief, soos gepubliseer, is steeds geldig vir 2024.

2. **Onderwysdiensstate vir 2024**

2.1 Ingevolge die maatreëls van die Hersiene Posverspreidingsmodel, moet gewone openbare skole en spesiale skole teen 30 September van die voorafgaande jaar van hul jaarlikse onderwysdiensstate voorsien word. Dus, vir 2023 se akademiese jaar sal alle onderwysdiensstate wat aan gewone openbare skole en spesiale skole uitgereik is (asook alle bykomende poste wat in 2023 as gevolg van 'n toename in leerdergetalle of die kurrikulumbehoeftes van die skool) op 31 Desember 2023 verval.

2.2 Die onderwysdiensstate vir 2024 is op 29 September 2023 op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) onder die skakel *Administration (Establishments)* gepubliseer.

3. **Samesprekings oor 2024 se bekostigbare mandjie poste**

3.1 Tydens samesprekings tussen die Provinsiale Minister van Onderwys, vakbonde en beheerliggaamverenigings op 18 Augustus 2023, is die bekostigbare mandjie poste wat vir 2023 se akademiese jaar verklaar is, vir 2024 se akademiese jaar behou. Op 22 September 2023 het die Hoof van Onderwys samesprekings met vakbonde en beheerliggaamverenigings oor die aanwending en verspreiding van die mandjie poste vir 2024 afgesluit.

3.2 Aangesien die doelwit is om tydens 2024 se akademiese jaar stabiliteit by skole te handhaaf, het die Hoof van Onderwys aangekondig dat gewone openbare skole en spesiale skole hul toewysings vir opvoedersposte vir 2023, wat bykomende poste insluit wat vir 2023 toegewys is, vir 2024 se akademiese jaar sal behou. Skole wat vooraf goedkeuring ontvang het vir uitbreidings in kurrikulum, graad en taal van onderrig en leer vir 2024 se akademiese jaar, het reeds opvoedersposte vir sodanige doeleindes ontvang.

3.3 Tydens die voorgenoemde samesprekings het die Hoof van Onderwys alle rolspelers ingelig van die kostebekampingsmaatreëls wat alle staatsdepartemente moet instel, en wat 'n groot invloed op die fiskus sal hê.

3.4 Om die mandjie bekostigbare poste vir 2024 ooreenkomstig die kostebekampingsmaatreëls te stabiliseer, sal dit nodig wees om die volgende maatreëls met ingang van 01 April 2024 vir alle gewone openbare skole en spesiale skole in te stel:

(a) Daar sal nie voorsiening gemaak word vir poste vir plaasvervanger-opvoeders nie, behalwe in gevalle waar opvoeders met kraamverlof is.

(b) Enige posvlak 1-vakatures wat nie teen 31 Maart 2024 deur die omskakelingsproses gevul kan word nie, slegs gevul word deur 'n formele werwings- en keuringsproses te volg.

(i) Om skole te ondersteun, sal spesiale vakaturelyste uitgereik word, bykomend tot die vakaturelyste soos weerspieël in Werwings- en Keuringskennisgewing 0001/2023, gedateer 31 Oktober 2023.

(c) Posvlak 1-poste sal nie voorsien word vir waarnemende aanstellings in vakante substantiewe skoolbestuurspan-poste nie, met die uitsondering van prinsipaalsposte.

(d) Alle kantoorgebaseerde staatsdiensposte (Hoofkantoor en distrikskantore) sal gevries word en slegs kritieke poste sal ná goedkeuring daarvan geaktiveer word.

4. **Posstruktuur**

Die posstruktuur en -beskrywings wat in die personeeladministrasiemaatreëls (PAM) vervat is, soos in *Staatskoerant* No. 46879 van 09 September 2022 deur die Minister van Basiese Onderwys gepromulgeer, is op onderwysdiensstate van toepassing.

5. **Gradering van skole**

Skole word in ooreenstemming met die PAM gegradeer.

6. **Hersiening van 2024 se onderwysdiensstate**

Waar 'n skool 'n graad of grade uitfaseer, sal die onderwysdiensstaat hersien word op grond van die getal leerders wat in die skool oorbly. Indien leerders tydens die uitfasering van 'n graad of grade 'n skool verlaat, sal die onderwysdiensstaat/-diensstate van die ontvangende skool/skole hersien word.

7. **Herberekening van die onderwysdiensstaat as gevolg van 'n verandering in leerderinskrywings in 2024**

7.1 Die WKOD behou die reg voor om posvlak 1-poste af te skaf indien daar deur die loop van 2024 'n afname in die skool se leerdergetalle is. In sodanige gevalle sal opvoeders wat tydelik aangestel is, ná oorlegpleging na poste by ander skole oorgeplaas word. Wanneer opvoeders dus op 'n tydelike basis gewerf word, moet prinsipale aansoekers inlig dat hulle aangestel sal word met die verstandhouding dat hulle moontlik na ander skole oorgeplaas kan word indien hul poste as gevolg van 'n afname in die leerdergetalle by die skool afgeskaf word.

7.2 Alle skole word versoek om hul leerdergetalle teen Dinsdag, 05 Maart 2024 op SOBIS by te werk. Die onderwysdiensstate van al daardie skole waarvan die leerdergetalle minder is as die leerderinskrywings wat op hul onderwysdiensstaatbriewe aangedui word, sal teen 22 Maart 2024 herbereken word. Indien die skool 'n pos of poste gaan verloor, sal die getal kontrakaanstellings wat gelyk is aan óf minder is as die getal poste wat die skool verloor vanaf 01 April 2024 dienooreenkomstig hersien word.

8. **Vul van geadverteerde poste**

8.1 Alle poste wat reeds in 'n WKOD-vakaturelys geadverteer is, mag permanent gevul word, mits daardie poste op die onderwysdiensstaat vir 2024 verskyn.

8.2 Indien 'n geadverteerde pos nie op die onderwysdiensstaat vir 2024 verskyn nie, is die skool nie op daardie pos geregtig nie en sal sodanige pos as foutiewelik geadverteer beskou word.

8.3 Die bepaling dat 'n geadverteerde pos (spesifiek 'n bevorderingspos) slegs gevul kan word indien dit nie veroorsaak dat 'n bykomende botallige opvoeder geskep word nie, bly van krag.

8.4 Indien die prinsipaal en die beheerliggaam van mening is dat die posbeskrywing van die geadverteerde pos nie langer aan die kurrikulumbehoeftes van die skool voldoen nie, mag hulle die kantoor van die Direkteur: Werwing en Keuring versoek om die pos as foutiewelik geadverteer te beskou. 'n Gedetailleerde verduideliking wat deur die prinsipaal en die voorsitter van die beheerliggaam onderteken is, moet sodanige versoek vergesel.

8.5 Goedkeuring vir die vul van opvoedersposte sal in die volgende voorkeurvolgorde geskied:

(a) Botallige opvoeders
(b) Opvoeders wat nuwe toetreders tot die onderwys is
(c) Ander toepaslik gekwalifiseerde opvoeders.

9. **Bestuur van opvoeders wat bykomend is tot 'n skool se onderwysdiensstaat vir 2024**

9.1 As gevolg van kostebekampingsmaatreëls en finansiële druk op die begrotings ten opsigte van die vergoeding van werknemers (*Compensation of Employees*) vir die Mediumtermyn-bestedingsraamwerk vir 2023/24 tot 2024/25 en 2025/26, en om die impak op besteding ten opsigte van vergoeding van werknemers te verminder, moet die WKOD alle moontlikhede verken om botallige opvoeders paslik te plaas. Dit sluit in die sywaartse oorplasing van opvoeders tussen skole met vakatures en die benutting van botallige opvoeders waar kurrikulumuitdagings ervaar word.

9.2 Die WKOD sal weer maatreëls implementeer en die doeltreffende bestuur en aanwending van botallige opvoeders in 2024 noukeurig monitor. Die volgende stappe sal binne die tydraamwerke wat geïdentifiseer is, geneem word:

| **Intervensie-aktiwiteite** | **Tydraamwerk** |
|---|---|
| Alle opvoeders wat nie in die onderwysdiensstate vir 2024 geabsorbeer kan word nie, word formeel botallig verklaar. | 30 November 2023 |
| Distrikte identifiseer geskikte poste vir opvoeders wat botallig verklaar is vir plasing in 2024 en raadpleeg prinsipale/beheerliggame oor die plasing van botallige opvoeders. Formele plasingsbriewe sal uitgereik word aan opvoeders wat gepas en teen vakante substantiewe poste vir 2024 geplaas kan word. | 30 November 2023 |
| Formele plasingsbriewe word uitgereik aan opvoeders wat paslik in vakante substantiewe poste vir 2024 geplaas kan word. | 30 November 2023 |
| Botallige opvoeders wat nie paslik geplaas kan word nie, moet nie deel van die skool se roosterbeplanning vir 2024 uitmaak nie. | 08 Desember 2023 |

9.3 Opvoeders wat reeds op grond van vorige onderwysdiensstate en in ooreenstemming met vorige prosesse botallig verklaar is, en wat steeds botallig is, behou hul botallige status. Hierdie opvoeders sal ingevolge die geldende kollektiewe ooreenkomste van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO) hanteer word.

9.4 Opvoeders wat permanent aangestel is, moet ingevolge Kollektiewe Ooreenkoms Nr. 4 van 2016 van die RAVO, gedateer 23 Augustus 2016, as botallig geïdentifiseer word.

9.5 Daar sal voortgegaan word met pogings om botallige opvoeders gedurende 2024 se akademiese jaar te plaas in gevalle waar opvoeders die diens van die WKOD verlaat en die botallige opvoeders se portefeulje aan die kurrikulumvereistes van die vakante opvoederspos(te) voldoen.

10. **Aanstelling van nuwe toetreders**

10.1 ŉ Ander strategie om die kostes op die begroting ten opsigte van die vergoeding van werknemers te verminder, is om pas afgestudeerde opvoeders eerder as opvoeders wat reeds hoë salarisse verdien, aan te stel. Sodoende maak ons ook voorsiening vir nuwe opvoeders om in diens te tree van die WKOD.

10.2 ’n **Nuwe toetreder** tot die onderwys word gedefinieer as ’n finalejaarstudent en/of enige paslik gekwalifiseerde opvoeder wat in die afgelope drie jaar gegradueer het en nog nooit in diens van die staat was nie. Hierdie groep sluit Funza Lushaka-beurshouers in.

10.3 Terselfdertyd erken ons dat skole die uiteindelike keuse behoort te hê om die beste persoon vir hul skool te werf. Ten einde te verseker dat ons die verskillende belange balanseer, word prinsipale en beheerliggame genooi om die Direkteur: Werwing en Keuring direk skriftelik te nader (en om die betrokke distriksdirekteur hierby in te sluit) indien hulle sterk besware teen die aanstelling van sodanige pas afgestudeerde opvoeders by hul skole het, en die uitslag van hul petisie afwag. Sodanige petisies behoort minstens twee weke voordat die opvoeder diens aanvaar, ingedien te word sodat elke geval na behore oorweeg kan word.

11. **Ander paslik gekwalifiseerde opvoeders**

Slegs paslik en professioneel gekwalifiseerde opvoeders met ŉ Relatiewe Onderwyskwalifikasiewaarde (ROKW) 13 of hoër kwalifikasie kan vir vakante substantiewe opvoedersposte oorweeg word. Hierdie kantoor sal dit oorweeg om ander opvoeders aan te stel indien geen gekwalifiseerde opvoeders uit die bogenoemde kategorieë geïdentifiseer kan word nie.

12. **Vul van opvoedersposte bykomend tot die vaste onderwysdiensstaat (slegs kontrakaanstellings)**

12.1 Slegs paslik gekwalifiseerde opvoeders met 'n ROKW 13 of hoër kwalifikasie kan vir vakante en bykomende opvoedersposte oorweeg word. Die indiensneming van ander opvoeders sal slegs oorweeg word indien geen gekwalifiseerde opvoeders uit die bogenoemde kategorieë geïdentifiseer kan word nie en slegs in poste wat moeilik is om te vul. Aansoeke vir die aanstelling van tydelike opvoeders in die volgende kategorieë moet vooraf deur die Direkteur: Werwing en Keuring goedgekeur word:

(a) Opvoeders ouer as 65 jaar

(b) Opvoeders wat die staatsdiens om die volgende redes verlaat het:

- (i) aftrede
- (ii) bedanking
- (iii) swak gesondheid
- (iv) wangedrag
- (v) drostery

(c) Buitelandse opvoeders

(d) Ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde opvoeders.

12.2 Distrikskantore kan ook oorplasings na skole goedkeur in gevalle waar die alternatiewe plasing die proses van herontplooiing sal bevorder, d.w.s., waar die oorplasing/plasing die herontplooiing van 'n botallige opvoeder in 'n vakante substantiewe pos tot gevolg sal hê.

13. Alle navrae aangaande hierdie omsendbrief en die tersaaklike wetgewing moet aan kringbestuurders gerig word.

14. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle opvoeders en lede van die beheerliggaam.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-11-21